Publication: Rapport (Kaap), Bylae A
Date: Sunday, August 25, 2019
Page: 7

# Baanbreker in herwinning



Meer as 1,5 miljard liter van gevaarlike gebruikte motorolie is uit die omgewing gehou danksy die pogings van die "Rose"-stigting (Rose staan vir *Recycling Oil Saves the Environment*).

Dié stigting vier vanjaar 25 jaar van werk en bewusmaking om mense aan te moedig om gebruikte smeerolie op 'n verantwoordelike manier te herwin.

Rose, 'n organisasie sonder winsbejag wat deur die groot smeermiddelvervaardigers in Suid-Afrika gestig is, is 'n voorbeeld van 'n suksesvolle voorloper in die vrywillige vorming van 'n program van uitgebreide verantwoordelikheid van 'n vervaardiger in die land en het in die afgelope kwarteeu van sy bestaan groot suksesse behaal.

Sowat 350 miljoen liter nuwe smeerolie word elke jaar in die land verkoop. Die nuwe olie is 'n kombinasie van plaaslik vervaardigde en ingevoerde smeermiddels. Van die olie wat verkoop word, word sowat 150 liter gebruikte olie, waarvan 120 miljoen liter opgevang word vir herwinning.

Wanneer 'n mens in ag neem dat gebruikte olie vol smetstowwe is wat 'n gevaar vir die omgewing inhou - met een liter van dié olie wat een miljoen liter water kan besoedel - is dit 'n massiewe hoeveelheid smetstof wat in die natuur kon beland het as dit nie vir die werk van die Rose-stigting was nie.

Die stigting is in April 1994 op die been gebring nadat die regering sy ondersteuning aan die bedryf vir die herraffinering van gebruikte olie onttrek het. Voor dit is smeermiddels belas om die herraffinering van gebruikte swart olie tot smeerolie te subsidieer. Toe dié subsidie verwyder is, het die groot smeermiddelmaatskappye wat in Suid-Afrika bedrywig is, die taak op hulself geneem om te help om die omgewing te bewaar.

Hulle het die Rose-stigting onder meer gevorm om te keer dat gebruikte smeermiddels voor die voet gestort en verbrand word. Op die oomblik behoort 21 van die voorste smeermiddelvervaardigers en -verspreiders aan die Rose-stigting.

Bubele Nyiba, die uitvoerende hoof van die stigting, sê Rose is deur die departement van omgewingsake en ander bedrywe geloof vir sy suksesmodel - wat wêreldwyd erken word as beste praktyk - en vir sy leierskap in die bevordering en aanmoediging van verantwoordelike omgewingsbestuur van gebruikte smeerolies en afvalstowwe in Suid-Afrika.

"Die herwinning van gebruikte olie beskerm nie net die omgewing nie, maar skep ook kostedoeltreffende produkte vir ons ekonomie en dit is presies wat volhoubare herwinning behoort te doen," sê Nyiba.

Die grootste hoeveelheid gebruikte olie in Suid-Afrika word gedeeltelik verwerk om sekere onsuiwerhede te verwyder voordat dit herwin word as brandstof vir branders, wat in smeltoonde en stoomketels gebruik word vir die vervaardiging van 'n wye reeks produkte.

Die verwerking verminder die vrystelling van gevaarlike deeltjies in die lug en die eindproduk is goedkoper as "skoon" smeltoond-olie.

Die versamel en herwin van gebruikte olie is 'n winsgewende onderneming. Sowat 1 300 personeellede, wat wissel van bestuurders, werkers en administrateurs, tot operateurs en bestuurders, werk in die sektor. Die personeelprofiel is hoofsaaklik manlik (85%) en swart (64%).

Volgens Nyiba is die bedryf wat gebruikte olie herwin 'n suksesverhaal op vele vlakke.

"Die bedryf is volhoubaar deurdat dit nie net baie mense in diens neem nie, maar ook omdat dit entrepreneurskap moontlik maak," sê hy.

"Alle herwinningsmodelle moet volhoubaar wees en na 'n sirkelvormige ekonomie toe werk om op die lang termyn lewensvatbaar te wees. Rose het bewys herwinning beskerm die omgewing, skep wydverspreide werksgeleenthede en het 'n domino-effek van finansiële voordele vir baie mense.

"Rose het programme van uitgebreide verantwoordelikheid van vervaardigers ingelui - 'n essensiële vereiste in afvalbestuur - 25 jaar gelede, lank voordat dit 'n wetlike vereiste in die land was. Die organisasie is 'n gevallestudievoorbeeld van 'n suksesvolle vervaardigerverantwoordelikheidsprogram wat vrywillig geïmplementeer is," sê Nyiba.

Fabian Magerman, voorsitter van die Rose-stigting, sê in die toekoms sal Rose voortgaan om die volume te verhoog van die gebruikte olie wat versamel en herwin word, om 'n skoner en veiliger omgewing vir die volgende generasie te verseker.

■ Vir meer inligting oor die stigting, besoek die webwerf Rosefoundation.org.za, skakel 021 448 7492 of stuur 'n e-pos na info@rosefoundation.org.za.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.